
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2023

**10732**

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 2)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

EKONOMIE: Vraestel 2
10732A

**13 bladsye**

X05

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die tydsraamwerk waar enige van die faktore veranderlik is, word die ... genoem.

A korttermyn
B vrye omvang
C mediumtermyn
D langtermyn

1.1.2 Twee mededingende maatskappye wat die mark deel, staan bekend as 'n ...

A duopolie.
B dubbele mark.
C simbiotiese mark.
D mededingende mark.

1.1.3 'n Prys wat deur die regering vasgestel is om die verkoop van goedere teen "onregverdig lae" pryse te verhoed, word 'n ... prys genoem.

A maksimum
B minimum
C billike
D produsente

1.1.4 Een van die hooffunksies van die Mededingings- ... is om te besluit of 'n groot samesmelting voordelig vir die ekonomie sal wees.

A wet
B tribunaal
C kommissie
D hof

1.1.5 Die konstante afname in die algemene prysvlak staan bekend as ...

A hiperinflasie.
B stagflasie.
C deflasie.
D disinflasie.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.6 ’n Amerikaner wat na Suid-Afrika reis om Robbeneiland te besoek, is ’n voorbeeld van ’n ... -toeris.

A besigheids
B uitgaande
C mediese
D inkomende

1.1.7 Die koers waarteen die handelsbanke geld aan hul mees kredietwaardige kliënte leen, word die ... genoem.

A prima uitleenkoers
B rentekoers
C repo koers
D inflasiekoers

1.1.8 Ontwikkeling gebaseer op die voorsiening van die behoeftes van die huidige generasie sonder om die behoeftes van die toekoms in gedrang te bring, staan bekend as ... ontwikkeling.

A ekonomiese
B internasionale
C volhoubare
D stedelike (8 x 2) (16)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met ŉ item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Implisiete koste | A waarde van insette wat deur die entrepreneur besit word en in die produksieproses gebruik word |
| 1.2.2 Markaandeel | B plante uit ander dele van die wêreld en is vreemd in die land |
| 1.2.3 SABS | C die persentasie totale verkope in ŉ spesifieke bedryf wat deur ŉ enkele onderneming verkry word |
| 1.2.4 Sluitingspunt | D veranderinge in die omgewing wat veroorsaak word deur aardverwarming |
| 1.2.5 Morele oorreding | E monitor die gehalte van goedere in Suid-Afrika |
| 1.2.6 Wêreld-erfenis gebied | F ŉ produksievlak wat geen voordeel vir die voortgesette bedrywighede bied nie |
| 1.2.7 Klimaatverandering | G ŉ plek met spesiale kulturele of fisiese betekenis soos deur die VN geïdentifiseer |
| 1.2.8 Uitheemse plantegroei | H inheemse plante |
| | I ŉ metode wat deur die Reserwebank gebruik word om geldvoorraad te beïnvloed |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ŉ Firma wat nie die markprys op sy eie kan beïnvloed nie

1.3.2 Goedere of dienste wat op een of ander manier van mekaar verskil

1.3.3 Goedere wat terselfdertyd deur baie mense verbruik kan word sonder om sy beskikbaarheid vir ander verbruikers te verminder

1.3.4 Wanneer ŉ persoon na ŉ ander plek reis slegs om gesondheidsorg te ontvang

1.3.5 ŉ Tipe inflasie wat veroorsaak word deur ŉ toename in die pryse van produksiefaktore

1.3.6 Die permanente vernietiging van woude en bome (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee TWEE voorbeelde van volmaak mededingende nywerhede. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom stel monopolieë hul pryse hoër as die middelpunt van die vraagkurwe? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: www.zapiro.com]**

2.2.1 Identifiseer die anti-mededingende gedrag wat in die spotprent uitgebeeld word. (1)

2.2.2 Watter nie-prys strategie kan versekeringsmaatskappye gebruik om markaandeel te verkry? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *volmaakte inligting*. (2)

2.2.4 Waarom word die versekeringsbedryf beskou as ŉ voorbeeld van monopolistiese mededinging? (2)

2.2.5 Hoe het die versekeringsmaatskappye in die spotprent voordeel getrek uit anti-mededingende gedrag? (4)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**TOTALE INKOMSTE EN TOTALE KOSTE KURWES: VOLMAAKTE MEDEDINGING**




2.3.1 Identifiseer die gelykbreek-uitsethoeveelheid in die grafiek. (1)

2.3.2 Wat is die totale vaste koste van die besigheid in die grafiek? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *winsmaksimalisering.* (2)

2.3.4 Waarom moet die besigheid in die grafiek nie meer as 50 eenhede produseer nie? (2)

2.3.5 Hoeveel wins sou hierdie besigheid verdien by die ewewig, indien by 50 uitset GVK = R50 en GI = R70? (Toon ALLE berekeninge.) (4)

2.4 Beskryf die doelwitte van die Wet op Mededingingsbeleid in Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

2.5 Waarom is markte wat geen toegangsbeperkinge het nie die doeltreffendste? (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.


3.1.1 Lys enige TWEE metodes wat die regering kan gebruik om volhoubare ontwikkeling te verseker. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die effek van hoë inflasie op industriële vrede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**AARDVERWARMING**

Die COP 27-klimaatberaad in Egipte is afgesluit met ʼn historiese deurbraak om kwesbare lande te help om verliese en skade weens die impak van klimaatsverandering te hanteer.




**[Bron: Internet prent]**

3.2.1 In watter jaar is COP 27 gehou? (1)

3.2.2 Noem die internasionale konferensie oor omgewingsvolhoubaarheid wat in 1997 gehou is. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *bevel en beheer (BEB).* (2)

3.2.4 Hoe sal COP 27 internasionale maatreëls bewerkstelling om omgewingsvolboubaarheid te verseker? (2)


3.2.5 Hoe kan die toekenning van eiendomsreg help om omgewingsvolhoubaarheid te bereik? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: StatsSA]**

3.3.1 Identifiseer die produk wat ŉ prysdaling tussen Julie 2021 en Julie 2022 gehad het. (1)

3.3.2 Wat is die huidige inflasieteikenreeks in Suid-Afrika? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *kerninflasie.* (2)

3.3.4 Waarom het pryse van die meeste produkte gedurende Julie 2021 en Julie 2022 gestyg? (2)

3.3.5 Hoe is sleutelinsette ŉ oorsaak van kostedruk inflasie? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *openbare sektor inmenging* en *openbare sektor beheer* as maatreëls om volhoubaarheid te verseker. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe word gewigte gebruik as ŉ manier om inflasie te meet? (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Lys TWEE positiewe gevolge van bewaring. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is marginale inkomste en gemiddelde inkomste dieselfde vir volmaakte markte? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VESELOORLOG IN SUID-AFRIKA RAAK WARM**

*Hanno Labuschagne 18 Julie 2022*

Suid-Afrika se grootste veselnetwerkoperateurs (*fibre*) is in ’n hewige stryd gewikkel. Hulle verlaag pryse en verhoog lynspoed om kliënte te wen. Openserve het die veld wyd oopgeblaas met aansienlike lynspoed verhogings en prysverlagings. MetroFibre en Vumatel het gevolg en hul lynspoed verdubbel en pryse op die meeste van hul pakkette verlaag, wat Openserve se prysvoordeel aansienlik verminder het.

**[Aangepaste bron: mybroadband.co.za]**

4.2.1 Noem die markstruktuur waarin die veselnetwerkoperateurs meeding. (1)

4.2.2 Noem die tipe vraagkurwe wat veselnetwerkoperateurs in die gesig staar. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *wedersydse afhanklikheid*. (2)

4.2.4 Verduidelik of dit wetlik moontlik is vir die veseloperateurs om prysoorloë te vermy. (2)


4.2.5 Wat is die moontlike langtermyngevolge vir besighede wat in ’n prysoorlog betrokke is? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.3.1 Uit die inligting hierbo, identifiseer die deel wat verwys na die uitputting van 'n verskeidenheid spesies plante en diere in 'n spesifieke gebied. (1)

4.3.2 Noem EEN negatiewe effek van toerisme op die omgewing. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *gevaarlike afval.* (2)

4.3.4 Verduidelik kortliks die Basel-konvensie-ooreenkoms om omgewingskade te verminder. (2)

4.3.5 Hoe kan produsente bydra tot omgewingsvolhoubaarheid? (2 x 2) (4)

4.4 Vergelyk volmaakte mededinging en die monopolie in terme van die *vraagkurwe* en *allokasie doeltreffendheid.* (2 x 4) (8)

4.5 Hoekom is dit moeiliker om kostedrukinflasie te beheer as wat dit is om vraagtrekinflasie te beheer? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is ’n laer-orde respons.<br>• ’n Goeie beginpunt sal wees om die hoofkonsep wat verband hou met die onderwerp in die vraag te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofdeel:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/ Ondersoek/ Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Teken ’n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek wat gegee is en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Assesseer/Debatteer<br>**’n Maksimum 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**’n Maksimum van 2 punte mag vir die blote lys van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br><br>Enige hoër orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• ’n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ’n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede, met behulp van grafieke, eksternaliteite as ŉ oorsaak van markmislukking. (26 punte)
- Hoe kan die staat markmislukking wat deur eksternaliteite veroorsaak word, voorkom? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Ondersoek in besonderhede, die voordele van toerisme vir:
  - Besighede (10 punte)
  - Infrastruktuurontwikkeling (8 punte)
  - Huishoudings (8 punte) (26 punte)
- Hoe word inheemse kennis deur tegnologiese vooruitgang bedreig? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

SA EXAM PAPERS